

Donderdag 25 Julie

Skrifgedeelte: Johannes 16:1-33

Fokusgedeelte: Johannes 16:22

Die blydskap van gelowiges

In vers 16 sê Jesus: *“Nog ’n klein rukkie, dan sien julle My nie meer nie; en weer ’n klein rukkie, dan sal julle My weer sien.”* Wat is hierdie klein rukkie waarvan Jesus praat?

Dit is die aand voor sy kruisiging wanneer Jesus met sy dissipels praat. Saam met sy dissipels het Hy die laaste Paasfees gevier en Hy het die nagmaal ingestel. Oor ’n klein rukkie gaan Jesus gevange geneem en gekruisig word, en dan gaan die dissipels huil en treur. Maar hulle moet moed hou, want nadat hulle vir ’n klein rukkie hartseer was, gaan hulle Jesus weer ontmoet omdat Hy uit die dood gaan opstaan. En dan gaan hulle oorloop van blydskap!

Die fondament van gelowiges se blydskap is dus Jesus se verlossingswerk. Na sy kruisdood en opstanding kan ons seker wees dat ons aan Hom behoort. Hy het sy hart aan ons gekoppel en vind vreugde in ons. Soos ’n moeder wat vreugde in haar kind vind.

Omdat gelowiges verlos is, kan ons met vrymoedigheid bid. In vers 24 sê Jesus: *“Bid, en julle sal ontvang, sodat julle blydskap volkome kan wees.”* Wanneer ons gereeld bid, het ons gemeenskap met God. Ons ervaar dat God ons hoor en verhoor. Dit beteken nie dat Hy alles gee soos ons dit wil hê nie. Hy gee wat die beste vir ons is – daarvan kan ons seker wees!

Jesus sê dat ons ná sy opstanding in sy Naam gaan bid. Dit beteken dat Hy die rede is hoekom ons tot God kan bid. Hy is ook die rede hoekom ons die sekerheid kan hê dat God na ons luister en ons gebede verhoor.

Nou is die vraag aan elkeen van ons: Wat is die aard van jou vreugde? Anders gestel: Wat bepaal jou blydskap? Moet dit met jou goed gaan sodat jy bly kan wees? Moet jy sekere dinge hê, of moet jy sekere dinge kan doen om bly te wees? Of vind jy jou vreugde in God en wat Hy doen?

Sing: Psalm 100-1:1, 2, 3, 4

Dr. HM Zwemstra (Heinrich) Walvisbaai/Swakopmund